

---

---

# 1JH 5:1 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [7]

## Die merkteken van geloof (5) E252

---

---

Laas keer is daarop gewys dat saligmakende geloof drie komponente het: *kennis, oortuiging* en *vertroue*. Voorts het ons taamlik uitvoerig gekyk na wat so 'n basiese kennis behels. Ek het egter wel daarop gewys dat dit nie beteken dat iemand ál sodanige kennis onder die knie moet hê voordat hy reddend kan glo nie. Ek het bloot die ideaal geskets.

Nou moet ons oorweging skenk aan die ander twee elemente van reddende geloof: *oortuiging* en *vertroue*.

### Geloof is oortuiging

Dit is moontlik om baie oor 'n onderwerp te weet, sonder om oortuig te wees dat jou kennis die waarheid is. So, byvoorbeeld, moet enige sendeling in die Midde-Ooste 'n grondige kennis van Islam hê. Hy werk egter juis daar, omdat hy glo dat Islam nie die waarheid dra nie, maar die leuen. Net so met die Christelike geloof.

En omdat soveel kerke die aksent uitsluitlik laat val op kennis in die kategetiese van kinders, sit talle gemeentes vol mense wat bloot op grond van hulle kennis van die Bybelboodskap glo dat hulle gered is. Maar by *oortuiging* en veral by *vertroue* het soveel van hulle nooit uitgekom nie. Lees mens egter die evangelieboodskap, sien jy dat dit geen goeie nuus vir hulle inhou nie. En, ek is bevrees, hulle bloed sal van die betrokke predikers se hande geëis word!

- Meer as kennis is dus nodig. Saligmakende geloof is van harte van twee dinge *oortuig*:

- Dat dit wat ek weet *wáár* is.
- Dat dit ook op *mý* van toepassing is.
- Die oorgang van kennis na oortuiging is te danke aan die werk van die Heilige Gees. Wat Jesus in Jh 16:8-11 oor Sy oortuigingswerk sê, is uiters betekenisvol. Let op dat Hy presies oortuig van daardie waarhede wat laas keer as basiese kennis bestempel is.
  - Die betrokke werkwoord, "oortuig", wil meer sê as net dat die Heilige Gees dit doen; dit laat die klem val op die effektiwiteit van Sy handeling. Hy *beskuldig* dus nie net die bepaalde persoon nie; Hy oortuig hom van harte, sodat hy *in sy binneste weet dis wáár*.
  - Hy oortuig *van sonde* - omdat die persoon *nie in Jesus Christus glo nie* (v.9). Dit bring dus die innerlike wete van persoonlike geestelike bankrotskap, van God se volmaakte oplossing daarvoor in Jesus Christus die Gekruisigde, en van skuld aan die ergste van sondes, nl. verwerping van God se liefde in Christus vir sondaars.
  - Hy oortuig *van geregtigheid* - omdat *Jesus na die Vader teruggekeer het* (v.10). Dit verwys na Jesus se opstanding en hemelvaart (14:12, 28; 16:28), en die geïmpliseerde proklamering van die Vader dat Jesus aan alle eise van geregtigheid voldoen het.

Dit gaan dus hier oor die innerlike wete dat my eie geregtigheid nooit God se toets kan slaag nie en dat my enigste hoop lê in die geregtigheid wat God voorsien - díé van Jesus Christus wat aan my toegereken (gekrediteer) word. Hierdie waarheid lê aan die hart van die evangelie (Rm 1:16-17; 10:1-4; Fl 3:9 - die leser word sterk aangeraai om hierdie verse in die OAV na te slaan).
  - Hy oortuig *van oordeel* - omdat *die Duiwel geoordeel* is (v.11 en 12:31-33). Satan is gevonnissig en wag as 't ware in die dodesel vir die dag van

voltrekking in die poel van vuur en swael (Op 20:10). Dit gaan hier om die innerlike wete dat, as die owerste van die sondaars die oordeel nie kan ontkom nie, geen sondaar dit kan regkry nie - allermins ék wat skuldig is aan die ergste van sondes.

### Geloof is vertroue

Sonder vertroue is daar geen sprake van saligmakende geloof nie. Dis die sluitstuk daarvan.

Vertroue en geloofsekerheid moet nie verwar word nie. Hoewel lg. gepaard behoort te gaan met ware geloof, ervaar sommige Christene tog korter of langer tye van vertwyfeling. Dit is gewoonlik te wyte aan 'n intense gevoel van onwaardigheid, en hoewel dit 'n pastorale ongesteldheid is, is dit ook so dat die krag van geloof in swakheid en afhanklikheid lê. Trouens, geloof wat nooit twyfel nie, is onder verdenking. Seisoene van twyfel berei mense gewoonlik voor vir 'n nog dieper waardering en dankbaarheid vir God se soewereine genade in Christus - wanneer die sonskyn van die Heilige Gees se versekerende werk weer deurbreek.

□ Daar is geen ware geloof sonder kennis en oortuiging nie, maar kennis waarborg nie ware geloof nie en oortuiging is nog nie vertroue nie.

- Vals geloof kan kennis hê. Selfs demone het dit (Jk 2:19).

- Vals geloof kan selfs 'n sekere oortuiging hê (Saul, 1Sam 15:24; Judas Iskariot, Mt 27:3-4; Feliks, Hd 24:25).

Ware Geesgewerkte oortuiging gaan egter altyd oor in vertroue. Dit gaan m.a.w. "aan boord" - dit bly nie by die hekke staan nie!

□ As Jesus in Mt 5:3 sê dat "armoede van gees" die drumpel-vereiste vir toetreding tot die Koninkryk van die hemele is, praat Hy van *geestelike bedelaarskap* (Gr. lett.). Dit dui op 'n toestand van algehele geestelike bankrotskap voor die lewende

God. En dis waar van iemand wat aan die einde van homself gekom het, wat weet dat sy patetiese pogings om genoeg verdienste bymekaar te maak ten einde God se geregtigheidseise te slaag, nie net tevergeefs is nie, maar ook voorbarig.

Geloofsvertroue is om vanuit so 'n geestelike bankrotenskap Jesus Christus volgens die Evangelie *aan te neem* (Jh 1:12-13). So 'n handeling het ten minste twee kante: om die Evangelie-aanbod vir jousef, persoonlik, *toe te eien*; en om jousef dan ongekwalifiseerd aan Jesus Christus *toe te vertrou* om jou saak met God reg te stel - soos Hy belowe het.

- Die laaste Evangelie-uitnodiging in die Bybel (en per implikasie ook die laaste "groot opdrag") is die *vyfde laaste vers van die Bybel* (Op 22:17). Dit bring bg. duidelik na vore. Vier woorde beskryf die toestand van iemand wat deur die Heilige Gees voorberei is om die water van die lewe verniet te kry (vgl. OAV en NIV).

- So 'n persoon het "dors". Dit dui op 'n diep begeerte, meer op 'n emosionele vlak. So 'n *maerte in die siel* kan geloof soms vir 'n lang tyd voorafgaan. En dikwels weet so 'n persoon, in elk geval aanvanklik, nie eers presies waarna hy of sy verlang nie.

Dis soos die verlore seun se verlange huis toe (Lk 15:11 vv).

- So 'n persoon "wil". Die Grieks dui op 'n besliste voorneme en doelgerigte besluit, meer op 'n rasonale vlak. Denke, oorweging, keuse en besluitneming is dus 'n integrale skakel in die proses.

Dis soos die verlore seun wat nie net verlang het nie, maar ook tot 'n definitiewe besluit gekom het.

- So 'n persoon "kom". Dit beteken om in nederige bankrotenskap voor die Here te kom om die saak uit te maak. Hierdie is 'n intens-persoonlike ontmoeting wat soms oor 'n aansienlike tydperk kan verloop. Berou, belydenis, oorgawe, toewyding en

dikwels trane, is tipies. In elk geval is dit níé 'n ligtelike formaliteit volgens 'n simplistiese en goedkoop formulêrtjie nie.

Enige pastorale manipulerings wat hierdie saak betref, is totaal onvanpas, om dit so sagkens as moontlik te stel; trouens, dis heel beste as hierdie heilig-intieme ontmoeting tussen Herskepper en begunadigde in afsondering geskied.

Die verlore seun het nie net besluit nie; hy het inderdaad opgestaan en na sy vader toe gegaan.

- So 'n persoon "neem" die water, hy drink dit - met diep teue. Hy eien God se genadegawe in Christus vir homself toe; en terselfdertyd vertrou hy homself aan Christus toe vir lewe en dood, vir tyd en ewigheid. Dit gaan oor hom as individu, persoonlik: "Jesus is nie net Middelaar tussen God en mense, in die algemeen nie - Hy is my Saligmaker, ja, myne!"

Die verlore seun was wel bereid om net 'n huurling vir sy pa te wees, maar toe hy sy vergewende liefde sien, het hy homself in sy pa se omhelsing gewerp en hom in die geskenke verlustig.

- Johannes gebruik keer op keer 'n unieke Griekse konstruksie om die dinamiese karakter van bogenoemde te beklemtoon. Letterlik kan dit soos volg vertaal word: "om *in* Christus *in* te glo" (to believe *into* Christ). Dis as 't ware 'n handeling wat die sondaar uit homself en Adam uithaal en in Christus inplant.

- Saligmakende geloof is dus ten diepste die drenkeling se vasgryp van 'n lewensboei, dis die rotsklimmer wat met sy hele gewig aan 'n enkele staalpen hang, dis die *kyk na die koperslang* (Num 21:4-9). Die eenvoudigste definisie daarvan is "afhanklike vertroue"!

*Nothing in my hand I bring,  
Simply to Thy cross I cling;  
Naked, come to Thee for dress;  
Helpless, look to Thee for grace;  
Foul, I to the fountain fly:*

*Wash me, Saviour, or I die.*

[Augustus Toplady (1740-1778): Rock of Ages]

- Hoe kan só 'n geloof, 'n geloof wat waarlik *toe-eien* en *toevertrou*, anders as om dan ook lewenslank *toe te wy*? Voorwaar is dit 'n drogteologie wat leer dat mense Jesus Christus reddend as Saligmaker kan aanneem, sonder om Hom daarna as Koning te dien.

- Het jy ware geloof? Nael jy voortdurend jou oë vas op Jesus Christus, die Begin en Voleinder van jou geloof (Hb 12:2)? Vul Hý jou hele blikveld? Kyk jy elke dag, weer en weer - sonder om uitgekyk te raak? Is Hý jou enigste troos in lewe en in sterwe? Sal Sý Naam op jou lippe wees as jy sterf?

- "Maar", sê jy, "my geloof is so klein, so weifelend, so pateties!"

Daar is 'n wêreld se verskil tussen swak geloof en vals geloof. Die Here beloof Hy sal die "geknakte riet" nie breek nie en die "rokende lamp" nie uitblus nie (Mt 12:20). God se beloftes word nie aan *sterk* geloof gegee nie, maar aan *égte* geloof. Al wat swak geloof hoef te doen - is om te kým. Dis nie die geloof wat moet sterk wees nie, dis die Verlosser - en dit is Hy gewis!

Onthou, die krag van ware geloof lê juis in sy swakheid, in sy afhanklikheid, in sy bankrotenskap (2Kor 12:9-10).

*Dís die Evangelie: "Kyk, kyk, en hou aan kyk - en word gered!"*

**Nico van der Walt**

\* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

\* Subskripsies, adresveranderingen, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115.

E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za) ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.

\* Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)

\* Weeklikse word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

\* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

\* Preekopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za) ; T: 012-808 3906